# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 345 · 19 JULIE 2024**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

# FRAMESBY SKITTER OP SKOLEVERHOOG

## 1STE RUGBY KLOP GREY 3 JAAR IN 'N RY




## 0/19-NETBAL EINDIG 12DE BY SA-SKOLE TOERNOOI



**SA SKOLE DSTV UITSLAE:**

| | |
|---|---|
| vs Kombendlela | 31-30 Wen |
| vs Klerksdorp | 22-18 Wen |
| vs Ben Vorster | 28-18 Wen |
| vs KiTwale | 28-7 Wen |
| vs Shiamoya | 22-37 Verloor |
| vs Diamantveld | 27-21 Wen |
| vs Nelspruit | 15-18 Verloor |

Wen 5 van 7 wedstryde.

**Plasing by SA Skole Kampioenskappe 0.19:**

1. AHMP
2. Oranje Meisieskool
3. Menlopark
4. Potchefstroom Gimnasium
5. Shayamoya
6. Paarl Girls
7. La Rochelle
8. Secunda
9. Paarl Gimnasium
10. Nelspruit
11. RHS
12. **Framesby**
13. Jim Fouche
14. Ben Vorster
15. Diamantveld
16. Duineveld
17. Garsfontein
18. Waterkloof
19. Brandwag
20. KHS
21. PHS

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR: SUNRIDGE VILLAGE**




# FRAMESBY VS GREY PE










SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# RUGBYUITSLAE:

Framesby vs Grey High School

O.14A Framesby vs Grey 5-45 Verloor
O.14B Framesby vs Grey 0-31 Verloor
O.14C Framesby vs Grey 5-22 Verloor
O.15A Framesby vs Grey 18-52 Verloor
O.15B Framesby vs Grey 0-40 Verloor
O.15C Framesby vs Grey 0-54 Verloor
O.16A Framesby vs Grey 5-43 Verloor
O.16B Framesby vs Grey 0-54 Verloor
O.19D Framesby vs Grey 17-26 Verloor
O.19C Framesby vs Grey 0-29 Verloor
O.19B Framesby vs Grey 0-24 Verloor
O.19A Framesby vs Grey 19-17 Wen



# FRAMESBY NETBAL FAST 5 KAMPIOENE

Agt hoërskole het aan Sunridge Primêr se jaarlikse Fast 5-netbaltoernooi deelgeneem. Knap gedaan aan ons dogters wat as die algehele wenners weggestap het!





# BUITESPORT: VEERPYLTJIES

Sonica Bester het in die Junie-vakansie die Oos-Kaap Provinsie in Bloemfontein verteenwoordig. Sy het haar nasionale kleure verower. Hulle was ongeveer 24 meisies van verskillende provinsies wat in die "junior event" teen mekaar meegeding het en Sonica het as nommer een in die land geëindig. Sy het ook in die "mixed pairs event" saam met 'n seun van Oos-Londen, Deacan Swanepoel, deelgeneem en ook eerste in die land geëindig - van omtrent 60 spelers.

Sonica (nr.1) en Deacan (nr. 1) en 'n seun van die Kaap (nr. 2) en 'n dogter van Gauteng (nr. 2) is gekies om Suid-Afrika in die "WDF" (World Darts Federation) (Wereldbeker) te verteenwoordig, wat in Oktober 2025 gehou gaan word.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# Netbal UITSLAE

## FRAMESBY VS DSG

| SPAN | PUNTE |
|---|---|
| O.14A | 17-13 Wen |
| O.14B | 39-3 Wen |
| O.14C | 25-3 Wen |
| O.14D | 28-1 Wen |
| O.14E v DSG o.15E | 16-3 Wen |
| O.14F v DSG E | 5-2 Wen |
| O.15A | 31-3 Wen |
| O.15B | 19-6 Wen |
| O.15C | 11-9 Wen |
| O.15D | 6-13 Verloor |
| O.16A | 33-5 Wen |
| O.16B | 22-3 Wen |
| O.14C v DSG O.16C | 13-9 Wen |
| O.17A v DSG O.19A | 31-22 Wen |
| O.19B | 14-11 Wen |

## FRAMESBY VS COLLEGIATE

| SPAN | PUNTE |
|---|---|
| O.14A | 23-8 Wen |
| O.14B | 27-2 Wen |
| O.14C | 38-3 Wen |
| O.14D | 39-2 Wen |
| O.14E | 36-1 Wen |
| O.14F | 23-1 Wen |
| O.15A v Collegiate o.16B | 28-4 Wen |
| O.15B v Collegiate o.16C | 21-3 Wen |
| O.15C v Collegiate o.16D | 18-10 Wen |
| O.15D v Collegiate o.16E | 2-16 Verloor |
| O.16A | 33-15 Wen |
| O.16B | 25-13 Wen |
| O.17A v Collegiate O.19A | 32-40 Verloor |
| O.19B | 19-15 Wen |
| O.19C | 18-14 Wen |

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek lig die volgende belangrike punte uit:

A) TOETSREEKS – DERDE KWARTAAL

Ek wil die ouers bedank wat hul kommer rondom die skryf van die toetsreeks aan die einde van die dag onder my aandag gebring het. Dankie dat u die regte kanale gevolg het, want op hierdie manier kan ons goeie kommunikasie hê. Ons gaan voort soos dit huidiglik op die kwartaalprogram is, maar sal beslis in 2025 vir kwartaal 1 en 3 heroorweging hieraan skenk. Ek het duidelik hierdie ouers se stem gehoor.

Neem solank kennis dat leerders nou al moet begin voorberei. Ek sal die ouergemeenskap weekliks inlig soos die toetse gebeur.
30 JULIE 2024
DAG 4
Toetsreeks:
07:30-08:40
Gr. 10 Verbruikerstudies
07:30-08:40
Gr. 11 Geografie

1 AUGUSTUS 2024
DAG 6
Toetsreeks:
07:30-08:40
Gr. 10 Geskiedenis
07:30-08:40
Gr. 11 Drama
07:30-08:40
Gr. 12 Rekeningkunde SGA Toets

B) SEPTEMBER VOORBEREIDENDE EKSAMENROOSTER GRAAD 12

Aangeheg die finale rooster vir ons graad 12-leerders vir die September-eksamen. Die datum vir musiek sal finaal bevestig word sodra ons dit van die distrik ontvang het. Die laaste dag voor die eksamen vir matrieks by die skool is Vrydag 16 Augustus 2024. Na die eksamen is matrieks terug by die skool.

C) KWARTAALPROGRAM

Aangeheg die derde kwartaal se kwartaalprogram. U moet nou let op die kwartaalprogram as gevolg van veranderings buite ons beheer.

D) GRAAD 12-TOERISME PAT – 24 EN 25 JULIE 2024

Neem kennis dat die graad 12 PAT-asseseringstaak op 24 en 25 Julie 2024 in die saal vanaf 09:00 tot 13:30 sal plaasvind. Dit is departementeel en verpligtend vir alle graad 12-toerisme leerders. Geen verskoning vir afwesigheid sal aanvaar word nie.

E) GRAAD 12-LEWENSORIËNTERING – 14 AUGUSTUS 2024

Neem kennis dat die departementele standaardtoets in die saal onder eksamentoestande in bogenoemde vak op bogenoemde datum sal plaasvind. Dit is verpligtend vir alle leerders.

F) ASSESSERINGSDATUMS VIR KWARTAAL 3

Aangeheg assesseringsdatums vir kwartaal 3. Graad 9-leerders se assesserings is aangepas om GEC af te handel. Veranderings buite ons beheer het plaasgevind so maak seker van hierdie assesseringsdatums.

G) DIE WOLKSKOOL

Ouers, dit bly belangrik dat afwesige leerders en leerders op sporttoere hierdie platform gereeld gebruik. Die kyk van kort video's en die voltooi van assesserings sal beslis leerders se punte verbeter.

H) FAKKELFLITS

Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

I) VAKKEUSES GRAAD 9-LEERDERS

Leerders en ouers moet asseblief kennis neem dat vakkeuses gemaak moet word met inagneming van die Junie- eksamen se punte. Omdat ons skool 'n loodsskool is met betrekking tot die GEC [General Education Certificate] is die punte gewoonlik hoër as normaalweg. Die Junie-eksamenpunte is van uiterste belang vir vakkeuses. Dit bly dus belangrik dat u as ouers hul verder sal

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

ondersteun met die keuse van vakke.

Die vakkeuse-aand is op Dinsdag, 13 Augustus 2024 om 18:00 in die skoolsaal. Dit is verpligtend vir graad 9-ouers en leerlinge. U sal dokumentasie asook 'n vakkeusevorm ontvang wat reeds teen 6 September 2024 ingehandig moet word.

J) STEMulator
Hierdie is 'n E-leerplatform wat bekendgestel is, en vrylik op die internet beskikbaar is, wat leiding gee oor studierigtings en beroepe. Dit is 'n virtuele wêreld vol geanimeerde inhoud van kloppende harte tot kragtige straalenjins rondom studierigting en beroepe. Elke graad-9 leerder behoort hierdie E-leerplatform te besoek om inligting te vind oor beskikbare beroepe, studierigtings en watter vakke benodig word.

K) SKOOLFONDS BETALING VERWYSING
Gebruik asseblief die korrekte verwysingsnommer as u skoolfonds, toere en addisionele fooie betaal. Dit is van kardinale belang om die korrekte betalings verwysing te gebruik vir allokasies. Die verwysings is as volg:

| | |
|---|---|
| Skoolfonds: | 4 syfer kode (sonder "A") |
| Addisioneel: | A met 4 syfer kode |
| Toere: | Soos per toer kennisgewing (skrywe) |

L) AFRIKAANSE EKSTRA KLASSE GRAAD 8 EN 9
Neem kennis dat Afrikaanse ekstra klasse vir graad 8 en 9 as volg plaasvind:

| | | |
|---|---|---|
| Maandae 14:40 – 15:40 | Mev. H Strauss | Klaskamer 4 |
| Dinsdae 14:40 – 15:40 | Mev. J Schoeman | Klaskamer C4 |

Graad 8 en 9 leerders word uitgenooi om hierdie klasse by te woon.

M) VERANDERING VAN BANK
Ons bankbesonderhede het vanaf April 2024 verander. Gebruik die Standard Bank-rekening vir alle betalings. Die Eerste Nasionale Bank-rekening word binnekort gesluit. Gebruik die Standard Bank-rekening en nie Eerste Nasionale Bank nie. Ons vra u samewerking in hierdie verband.




Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

**MARIUS GERMISHUYS**
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# Hokkie UITSLAE

## FRAMESBY VS DSG

| | vs | |
|---|---|---|
| 1ste Dogters | DSG | Verloor 2-8 |
| 16a Dogters | DSG | Verloor 0-5 |
| 14a Dogters | DSG | Verloor 1-8 |

## FRAMESBY VS COLLEGIATE

| | vs | |
|---|---|---|
| 1ste Dogters | Collegiate | Verloor 0-7 |
| 2de Dogters | Collegiate | Verloor 0-6 |
| 3de Dogters | Collegiate | Verloor 0-11 |
| 16a Dogters | Collegiate | Verloor 0-7 |
| 16b Dogters | Collegiate | Verloor 0-5 |
| 16c Dogters | Collegiate | Verloor 0-2 |
| 14a Dogters | Collegiate | Verloor 0-2 |
| 1ste Seuns | Grey | Verloor 0-9 |

# BERGFIETS:

JES Santos en Stephan Roth het die naweek aan die provinsiale XCC (Short course cross country) en XCO (long course) in Oos-Londen deelgeneem.

Hulle het albei in beide wedrenne 2e plekke behaal. Ons is baie trots op hulle.





# GHOLF VS GREY:

UITSLAE VS GREY

1STE SPAN (IPS – 0 VOORGEE) 3 BESTE TELLINGS OM TE TEL

| | | Framesby | Grey |
|---|---|---|---|
| Tyd | Spelers | | |
| 10:00 | J Hattingh | 30 | |
| | R Jansen | 24 | |
| | C Rose Innes | | 31 |
| | O Matiwana | | 32 |
| | | | |
| 10:09 | R Oostduizen | 27 | |
| | H Steenkamp | 19 | |
| | M Walter | | 35 |
| | J Rennie | | 35 |
| | | 81 | 102 |

**Uitslag: Grey wen 102 - 81**

2de span ((IPS – 18 VOORGEE) 3 BESTE TELLINGS OM TE TEL

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10:18 | C v Jaarsveldt | 31 | |
| | E Meyer | 21 | |
| | T Bolton | | 46 |
| | K Tiemann | | 48 |
| | | | |
| 10:27 | L Fleetwood | 25 | |
| | J – L Stander | 25 | |
| | S Haskings | | 43 |
| | R Crane | | 34 |
| | | 81 | 137 |

**Uitslag: Grey wen 137 - 81**

3de span ((IPS – 18 VOORGEE – scramble dryf) 3 BESTE TELLINGS OM TE TEL

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10:18 | MJ Bonthuys | 24 | |
| | L Jacobs | 22 | |
| | J Moolman | | 45 |
| | J Pelham | | 50 |
| | | | |
| 10:27 | P v Heerden | 16 | |
| | K Rossouw | 16 | |
| | J Polglase | | 47 |
| | D Elfick | | 41 |
| | | 62 | 142 |

**Uitslag: Grey wen 142 - 62**

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# SKOOLFOTO'S

FRAMESBY FOTO'S:
Individuele foto's, klasfoto's asook sommige sport- en kultuurfoto's is oop vir bestelling.
Webtuiste: **https://dirkmoggee.co.za/client-galleries/**
**Wagwoord: framesbyfotos2024**

- Laaste dag vir bestellings vir die 1ste foto-sessie is **16 Augustus.**
- 2de Fotodag wat die res van die foto's sal neem, is 19 September.
- Sodra jou bestelling via die webtuiste geplaas is, sal jy 'n e-pos met betalings -besonderhede ontvang.
- Geen bestelling sal gedruk of geprosesseer word voor betaling ontvang is nie.
- Die eerste fotosessie sal teen **15 September by Die Hanger beskikbaar** wees.
- Vir enige navrae, kontak gerus **ordersdmpv@gmail.com**

# DANSUITSLAE:

Anika Johnstone en Zelri Smit het aan die Dare2Dance interskole kompetisie deelgeneem. Hulle behaal 5de plek in die Big Sister ballroom-afdeling en 7de plek in die Latin-afdeling. Baie geluk aan hierdie twee dansers. Ons is baie trots op julle!




# SKAAKSPAN KLOP COLLEGIATE

Framesby Wen Collegiate 4-3



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# KATIE SWEM HAAR PLEK IN SA-SPAN LOS

Baie geluk aan Kaitlynne Horne wat vir die SA-oopwaterswemspan gekies is.



# BUITESPORT

Ons is baie trots op die ruiters wat vir die Provinsiale span gekies is wat September in Parys, Vrystaat aan die Nasionale Kompetisie sal deelneem:
Kristi Ferreira en Tucker (Level 0)
Chanel Haasbroek en Prince of Belair (Level 1)
Mia Harmse en Nona (Level 0)
Kiara Hough en Bella Donna (Level 3)
Kiara Hough en Mistletoe Magic (Level 2)
Zandri Stumke en Del Bros First Dream (Level 2)



# JUNIOR STADSRAADLID:



Elne Burger, (ons junior stadsraadslid) is in een van die hoofleierskapposisies op die stadsraad aangewys. Sy is aangewys as Head of Public Relations, een van die 10 leerders wat op die nuwe raad dien.

# OUDSKOLIERE NUUS:

Tiaan Bouwer, 'n oudleerder van Laerskool Lorraine en Hoërskool Framesby, het onlangs die uitsonderlike prestasie behaal deur beloon te word as die Top Student van die Rekenkundige Departement (2de Jaar).

Tiaan is tans besig met sy 3de jaar aan die Nelson Mandela Universiteit vir die graad B-Com Accounting Science (Computer Science and Information Systems) Wat hierdie prestasie nog meer uitsonderlik maak, is dat dit die tweede keer is dat Tiaan hierdie prestasie behaal. Hy is ook in sy eerste jaar beloon vir al sy harde werk en laat nagte deur. Hy is ook as die topstudent (1 ste jaar). Baie geluk Tiaan – ons is almal so trots op jou!



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# *Hoërskool Framesby se*
# VERBRUIKERSTUDIES VAKSPAN



## L. SCHELBERT

- B.Sc (Huishoudkunde) Ed
- 100% slaagsyfer vir 36 jaar
- Gr. 12 "Cluster leader" vir Distrik
- 36 jaar ondervinding by Hoërskool Framesby



## L. SMIT

- B.Ed
- 100% slaagsyfer vir 12 jaar
- 12 jaar ondervinding

**2023 Meeste A-simbole vir verbruikerstudies in Distrik.**

## *48 gesamentlike jare ondervinding*

# ONS GESELS MET: ZURIKA WEPENER





Hierdie jaar merk die 29ste herdenking van my matrikulering in 1995.
Dit voel soos gister wat ek nog op die skoolbanke was.
My hoërskooldae was 'n tydperk van vreugde en onvergeetlike ervarings. Tussen koor, hokkie, dansklub, CSV en Revue, asook ander ko-kurrikulêre betrokkenheid, is daar soveel gelukkige tye en herinneringe. As ek terugdink aan selfs geleenthede soos die sokkies (ek het geen sokkie gemis nie!) en Valentyns- en Winterbal, dan bring dit 'n glimlag op my gesig – as daardie mure kon praat!

Van die onderwysers wat diep spore gelos het, sluit in mnr. van Niekerk (huidige adjunkhoof), Wyle mev. Koornhof (Rekeningkunde), mnr. Terblans (huidige LW onnie), mev. Meintjies (Skeinat), mnr. van Zyl (Biologie), mev. Jordaan (Afrikaans) en mev. Lamprecht (Engels).
Mnr Muller (Wiskunde) was 'n inspirerende leier en het met sy kennis en kundigheid vir die vak altyd sy leerlinge gemotiveer om hul volle potensiaal te bereik – dit sal my altyd bybly. Daar is nog vele meer wonderlike onderwysers wat ek kan noem…

My groot trots was die gesogte "blou baadjie" wat ek verwerf het vir erekleure in koor, onder leiding van die baie talentvolle Juffrou Zeta Strydom. Haar toewyding en energie was aansteeklik. Sy het 'n omgewing geskep waarin elke lid kon floreer. Ek het geglo in balans, en het getrou elke jaar my merietediploma verwerf. (Ek het nog steeds my baadjie en my balkies!)

My span vriendinne was 'n klomp uiteenlopende, maar spesiale en besonderse meisies. Marise (hoofmeisie), Hester

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

(onderhoofmeisie), wyle Sunelle (gimnas), Liesl (musikant en fotograaf), Heidi (hartebreker) en Tania (ernstige akademikus). Hier is nie genoeg spasie om oor al die lawwe goed te vertel wat ons saam deurgemaak en aangevang het nie. "What happens in Framesby, stays in Framesby!" Ons het nog steeds 'n baie sterk band, en die meeste van ons sien mekaar nog gereeld en smee steeds ons vriendskapsbande.

Ek het na skool somatologie (skoonheidsterapie) studeer en ook 'n bemarkingsdiploma verwerf. My loopbaan het by Clarins begin, waarna ek 'n pos aanvaar het as die Oos-Kaap se Area Bestuurder van African Sales Company, die grootste verskaffer van Internasionale Skoonheidshuise in die kosmetiese bedryf, in Suidelike Afrika. Na jare se beplanning en oorweging het ek twee jaar na ons oudste se geboorte, in 2010, die groot sprong gemaak, en my eie klerewinkel, Elle Boutique & Shoes, geopen. Elle is alreeds jare sinoniem met Sunridge Village en daar leef ek my passie en deel graag my liefde vir modes, klere, skoene en bykomstighede, met ander vrouens om aan hulle 'n stylvolle, modieuse en unieke ervaring te bied. Om jou eie besigheid (klerewinkel) te bedryf, verg baie beplanning, korrekte keuses, 'n insig in jou kliënte se behoeftes en lang ure. Gelukkig floreer ek wanneer ek op my besigste is, en ek hou van beplanning.

My besigheid bied my ook die geleentheid om die wêreld te sien. Ek reis gereeld na Thailand, Turkye of Indonesië om die nuutste modes na Suid-Afrika terug te bring. Met my laaste reis na Turkye, het my man my vergesel, en my dogter (wat belangstel om die tweede generasie leisels met die besigheid oor te neem), was op een besoek saam met my na Thailand.

Ek is alreeds 23 jaar met Jannie Wepener, 'n Sanlam-makelaar, getroud. Ons woon nou in my destydse ouerhuis in Sunridge, oorkant die huis wat aan wyle Meneer Kritzinger (oudskoolhoof 1976 - 1993) behoort het. Dit is ook van hier wat ek 'n suksesvolle gastehuis, 43 Lily, bedryf.

Ons dogter, Emma, is tans in graad 10 en is ook in Framesby. Ons seun, Louw, is in graad 5, in Sunridge. My gesin is die middelpunt van my bestaan en familie en vriende is vir ons baie belangrik. Ons is 'n baie sosiale gesin, wat hou van onthaal en om mooi plekke in ons land te besoek. Ek is baie lief vir oefening en hou veral van draf.

Dit bring my groot vreugde om te sien hoe ons dogter dit ook geniet om in Framesby te is. Framesby bly 'n uitmuntende skool en dit is inspirerend om te sien hoe die skool voortdurend vooruitgaan en nuwe hoogtes en prestasies bereik. Dis beslis 'n skool waar potensiaal verwesenlik word.

As ek terugkyk na Framesby se roemryk verlede, besef ek die waarde van die skoollied: "Te handhaaf en bou is ons leuse. Dit na te volg eie keuse." Hierdie woorde herinner my aan 'n ryk geskiedenis en die verantwoordelikheid en voorreg om daarop voort te bou.












SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *lede*

## *Oudskolier*

Mornay Heunis *(matriek 1986)*
Chris Knoetze *(matriek 1988)*
Rinaldo Loftie-Eaton *(matriek 2000)*
Keagan Tait *(matriek 2016)*
Ernst Stapelberg *(matriek 2013)*
Pienaar Agenbag *(matriek 1988)*
Bernard McDonald *(matriek 2016)*
Jacqueline van Heerden *(matriek 1997)*
Louis Gerber *(matriek 1996)*
Rudi Gerber *(matriek 1986)*
Anelle Bailey *(matriek 1994)*
Ryno Lingerfelder *(matriek 1999)*
Juanita Jacobs *(matriek 2012)*
Tania Crouse *(matriek 1995)*
Johathan Gardiner *(matriek 2000)*
Morne Barnard *(matriek 1991)*
Gerhard Meiring *(matriek 1998)*
Konrad de Villiers *(matriek 2006)*
Henry Claassen *(matriek 1991)*
Andrè Hough *(matriek 1988)*
Hanlie Potgieter *(matriek 1988)*
Charl De Lange *(matriek 2003)*
Anoniem *(matriek 2009)*

## *Ouers, Oudouers / Beheerliggaam*

Mariaan Botha (ouer)
Karl du Preez (oudouer)
Anél Ferreira (ouer)
Niel Louw (ouer)
Petra Gouws (ouer)
Wynand Wessels (ouer)
Sonia Gunn (ouer)
Werner Edwin Olivier (ouer)
Masunet Strydom (ouer)
Dirk Kotze (ouer)
Lynette Stumke (ouer)
Hugo Maritz (ouer)
Pietie Ferreira (ouer)
Rayno vd Merwe (ouer)
Eugene de Lange (oudouer)
Henry Benn (ouer)
Yolande Gouws
Johan le Grange (ouer)
Yolandi Fourie (ouer)
Andrè Grundling (ouer)
Zanelda Grundling (ouer)
Johannes Willem Muller (ouer)


## *Personeel / Oudpersoneel*

Marius Germishuys *(skoolhoof)*
Annel Germishuys *(personeel)*

Vorms op ons webtuiste beskikbaar!

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

## KLUB 1000/100 *barometer*



# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- SELFOONNOMMER:
- E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100




Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van ‘n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy nog in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan ‘n bydrae maak!

’n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar ‘n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursugtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.

PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK

1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na fos@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn.

Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# ADVERTEER BY FRAMESBY

Adverteer jou besigheid. Ons almal kan doen met goeie reklame.

Hoërskool Framesby bied verskillende advertensiespasie vir jou besigheid om meer voete te waarborg. Maak gebruik van hierdie unieke en effektiewe geleentheid om jou besigheid, produk of diens te bemark.

Hoërskool Framesby se 2024-wedstryde sal oorheersend tuis plaasvind dus sal u maatskappy baie blootstelling kry.

Dit sal vir Hoërskool Framesby 'n voorreg wees indien u maatskappy met die topskool in die Oos-Kaap wil assosieer.

Raak deel van ons Framesby-advertensiefamilie.

Kontak Hoërskool Framesby vandag!

Yolandi Fourie
Trustbeampte
fos@framesby.co.za
041 360 1257



# KOM HANG UIT BY 'DIE HANGER'

DIE HANGER

Ons is baie opgewonde om die Graad 8's van 2025 te ontmoet!

Die winkel staan reg om julle gereed te kry met julle Hoërskool Framesby-loopbaan! Kom 'hang' by Die Hanger en kom kyk watter oulike skoolitems ons vir julle het!

Ons tye is soos volg
Maandae - Donderdae 12:00 - 16:30
Vrydae 08:00 - 11:00

Ouers is meer as welkom om nou al klere te kom bestel, aankope te doen en reëlings te tref om die stormloop later die jaar te vermy!

Sien julle by Die Hanger

*Charnelle*

CHARNELLE 082 342 8113 - KATRIEN 072 407 0670
CHARNELLE@DIEHANGER.CO.ZA

# DIE HANGER

## AANDAG ALLE VOORNEMENDE GR.8-OUERS:

Ons is die volgende dae ook oop vir aankope:

Vanaf 09:00 - 12:00

- 27 Julie 2024
- 9 Augustus 2024
- 24 Augustus 2024
- 31 Augustus 2024
- 14 September 2024
- 28 September 2024
- 5 Oktober 2024
- 19 Oktober 2024
- 26 Oktober 2024
- 2 November 2024
- 16 November 2024
- 30 November 2024
- 7 Desember 2024
- 14 Desember 2024
- 16 Desember 2024
- 17 Desember 2024

**CHARNELLE 082 342 8113**

**KATRIEN 072 407 0670**

**CHARNELLE@DIEHANGER.CO.ZA**

## KAARTJIES:

**R100 P/DAG**
(TOEGANG)

**R200 P/DAG**
(TOEGANG + AANDETE)



Hoërskool Framesby

# Moet dit nie misloop nie!

KOOP 'N KAARTJIE OM TOEGANG TE KRY TOT DIE OUDSKOLIERE-MARKIESTENT!

## 8 EN 9 AUGUSTUS 2024

# OUDSKOLIERE-NAWEEK

## FRAMESBY VS NICO MALAN

**DONDERDAG: 16:00 - 23:00**
**VRYDAG: 08:00 - 23:00**

**VIR NAVRAE EN BESPREKINGS:** YOLANDI FOURIE FOS@FRAMESBY.CO.ZA

KAARTJIES SAL TE KOOP WEES TOT MAANDAG, 5 AUGUSTUS 2024

KOOP 'N KAARTJIE OM TOEGANG TE KRY TOT DIE OUDSKOLIERE-MARKIESTENT!

8, 9 AUGUSTUS 2024

# OUDSKOLIERE-NAWEEK

FRAMESBY VS NICO MALAN

## 8, 9 AUGUSTUS 2024
## OUDSKOLIERE-NAWEEK

Ons nooi alle oudskoliere om die naweek (Donderdag en Vrydag) saam met ons te kom spandeer en al ons sportspanne te kom ondersteun. Daar word spesiaal 'n markiestent vir ons oudskoliere agter die rugbypale opgeslaan.

Maak seker dat jy jou kaartjie koop voor Maandag, 5 Augustus 2024.
Kaartjieverkope beloop R100 per dag vir slegs toegang en R200 per dag vir toegang met aandete ingesluit. Donderdagaand word daar Butter Chicken en 'n broodrolletjie bedien en Vrydagaand 'n kaasburger en tjips. Daar sal Vrydagoggend vanaf 08:00 uur "breakfast buns" in die tent verkoop word.
Die tent sal Donderdag vanaf 16:00 tot 23:00 en Vrydag vanaf 08:00 – 23:00 oop wees. Verversings sal Vrydag, 14:30 in die tent beskikbaar wees. Wynproe sal in die tent plaasvind. Geen alkoholiese verversings sal buite die tent toegelaat word nie.

Vir enige navrae en besprekings kontak mev. Yolandi Fourie:
fos@framesby.co.za

| SLEGS VIR LAATKOMMERS: |
| --- |
| Beperkte ete- en toegangskaartjies sal by die tent beskikbaar wees. |

# DIE ROAD TRIP

'n Komedie deur Gita Fourie



Hoërskool Framesby Skoolsaal

25 Julie 2024

19:00

Kaartjies R100

(Beskikbaar by die Algemene Kantoor)



Die V.V.V.V.V.V.
(VALENTYNS VOORBEREIDINGSKOOL VIR
VREESLOSE VOLBLOED VRYERIGE VABONDE)
'n KOMEDIE DEUR ILNE FOURIE
WAAR TROUMANNE GEKWEEK WORD...
HOëRSKOOL FRAMESBY SKOOLSAAL
25 JULIE 2024
19;00
KAARTJIES R100
(BESKIBAAR BY DIE ALGEMENE KANTOOR)

# PE Weight Loss Centre

- Electronic full body analysis
- Weight-related checkups & blood tests
- Variety of weight loss programmes
- Advice on exercise
- Weight loss injections
- Weight loss medication
- Food intolerance testing
- In-house dietician
- Monthly reviews with Dr Malherbe
- ‘For Fitness Sake’ meals

| NON-EMERGENCY — BY APPOINTMENT ONLY | |
|---|---|
| WHERE POSSIBLE, PLEASE BOOK YOUR APPOINTMENT ONLINE AT: **www.optilife.co.za** | CONSULTING TIMES:<br>**MON — FRI : 08:00 - 17:00**<br>**SATURDAY : 08:00 - 13:00** |

OptiLife
*medical health & wellness*

Tel: 041 450 9454 | www.optilife.co.za
Shop 54 | Sunridge Village Shopping Centre | Kragga Kamma Rd | Sunridge Park

SUNRIDGE VILLAGE